**Woensdag 25 Januarie**
**Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Filippense 1:6**
**Geen halwe werk nie**

Paulus dank God sonder ophou as hy aan die gemeente in Filippi dink. Hy dank God vir hulle gemeenskap aan die evangelie. Daardie gemeenskap was daar van die eerste dag af toe hulle die evangelie van verlossing in Christus gehoor het. Dit is daar tot nou toe, skryf Paulus. Die gemeenskap aan die evangelie is dus blywend.

Die sekerheid oor die volhoubaarheid van die Filippense se geloof het nie met die Filippense self te doen nie, maar met God wat die geloof in hulle werk. God het die lidmate van Filippi se ore en harte oopgebreek toe hulle die heel eerste keer van Christus gehoor het. God hou hulle harte en ore oop om al meer en meer te wil hoor. God sal aanhou om dit te doen – tot op die dag van Christus se wederkoms. God doen nie halwe werk nie.

En dit is nie al wat God doen nie. Die Filippense is nie net hoorders van die Woord nie, maar ook daders daarvan. Hulle het navolgers van die Here geword. Hulle dink aan Paulus, wat in die gevangenis sit. Hulle help hom met die nodige lewensmiddele. Hulle bid vir hom sodat hy stand kan hou in sy swaar en moeilike lewensomstandighede. Die Gees van Christus het deur die bediening van die evangelie kragtig in die gemeente van Filippi gewerk. So het hulle tot geloof gekom. En so het hulle ’n voorbeeld geword vir baie ander Christene wat uit die heidendom tot bekering kom.

Paulus se uitspraak in vers 5 oor die Filippense se gemeenskap aan die evangelie, is kragtig. Vir gemeenskap gebruik hy die Griekse woord *koinonia*. In ons kerklike lewe wys koinonia meestal op die belewing van die gemeenskap van gelowiges onderling – dit wat ons uit liefde vir God vir mekaar doen. Koinonia aan die evangelie wys op die vaste fondament waarop die koinonia, die gemeenskap van die heiliges, rus.

Gemeenskap aan die evangelie beteken hoofsaaklik drie dinge:

- Die evangelie wat bedien word, word met dank ontvang.
- Die evangelie wat met dank ontvang word, word aangeneem as Woord van God.
- Die evangelie wat ontvang en aangeneem word, word uitgeleef.

Hierdie aktiwiteite dui alles op God se genade in ons lewe. God laat ons in geloof volhard, tot die einde toe. Maar God se genade is tegelyk God se eis: beleef die gemeenskap aan die evangelie, voluit!

*Sing: Psalm 40-1:3*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*